TARO SE STORIE

Ons was almal baie opgewonde toe ons verneem het dat ons oudste dogter Lisl en haar man Marinus hul derde kind verwag, selfs meer so toe ons verneem het dat dit ‘n seuntjie sou wees.

Hulle het besluit om hom Taro te noem, wat ‘groot seun’ beteken.

Lisl het ‘n teksboek swangerskap belewe, en die kleinman het op 20 Maart 2012 sy opwagting gemaak.

Ongelukkig was daar komplikasies...

Taro het hartstilstand en ‘n suurstoftekort met die geboorte gehad, en is potblou en totaal leweloos gebore. Omdat hy nie self asemgehaal het nie, is hy onmiddellik aan ‘n asemhalingsmasjien gekoppel en oorgeplaas na die Panorama Kliniek se Neonatale Intensiewesorgafdeling.

TARO SE STORIE

Daar is gevrees dat sy brein te lank sonder suurstof was, en daarom het die dokters dadelik sy brein met ‘n soort yspak afgekoel in ‘n poging om breinskade te beperk, maar Taro het begin konvulsies (seizures) kry, wat ‘n teken is dat daar beslis breinskade is.

Konvulsies het ‘n soort sneeubal-effek, want elke konvulsie rig ‘n bietjie meer skade aan, en Taro is op baie sterk medikasie geplaas om dit te probeer beheer. Hy is aan lewensondersteunende (life support) stelsels gekoppel, en onder diep sedasie geplaas.

Die volgende dag het dokters gesê dat dit te vroeg was om met sekerheid te sê wat die omvang van die skade sou wees, maar dat daar ‘n wesenlike gevaar was dat hy geen breinaktiwiteit hoegenaamd sou hê nie.

Afkoeling van die brein kan net 72 uur toegepas word, na dit is dit ‘n situasie van wag en kyk. Toe die 72 ure om is het hulle stelselmatig begin om brein sensors, drips en ‘life support’ te verwyder. Daar is vasgestel dat daar wel breinaktiwiteit is, en dat al sy organe weer normal funksioneer. Hy het self begin asemhaal en sedasie is stadig verminder en uiteindelik heeltemal gestop.

Daar is toe gesê dat hy nie meer in lewensgevaar verkeer nie, maar dat hy baie moontlik serebraal gestremd sou wees. Tot watter mate is was onmoontlik om te se, want hulle kon nie met sekerheid se watter deel van sy brein die seerste gekry het nie.

‘n Maand later is die kleinman saam met sy Mamma huistoe.

Aanvanklik was Taro soos enige normale babatjie. Hy het gehuil as hy honger is en geskree as hy gebad word. Maar hoe ouer hy geword het, hoe meer het dit duidelik geword dat daar wel ‘n agterstand is omdat hy nie sy ‘mylpale’ gehaal het soos met ander babas die geval is nie.

Op 10 maande is hy as serebraal gestremd (Dyskinetic Athetoid Cerebral Palsy) gediagnoseer. Daar is dadelik met fisioterapie, Aarbeidsterapie en Spraakterapie en oefeningkies begin, maar hoewel hy nou 18 maande oud is, sukkel hy steeds om sonder ondersteuning regop te sit en kan nog nie kruip of selfs sy bottel vashou nie.

Dokters en die fisio is vol vertroue dat hy moontlik eendag normaal sal kan loop, maar hy sal aanvanklik van apparaat gebruik moet maak om sy balans te verbeter en sy spiere sterker te maak.

Hiervoor benodig hy ‘n sogenaamde ‘gait trainer’ (‘n gait trainer is ‘n soort loopring op steroids en kos enigiets tot R30,000 afhangend van die een wat die fisio voorskryf) en bietjie later beenstutte om sy beentjies lekker sterk en reguit te hou as hy loop. Beenstutte kos tot R17,000 per stel, en moet na sowat 8 maande vervang word, afhangend van hoe vinnig die knaap groei.

Hoewel hulle ‘n hospitaalplan het, dek dit nie al hierdie hulpmiddels en terapiesessies nie, en finansiering daarvan moet uit eie bronne kom.

Indien die fondse nie gevind word om die hulpmiddels aan te koop nie, sal Taro dalk nooit loop nie.

Vandag is Taro ondanks sy gestremdheid ‘n pragtige, verskriklike vriendelike ou seuntjie.

Hy is maar net 18 maande oud so dit is op hierdie stadium moeilik om te se watse uitdagings hy sal moet oorkom. Dinge soos praat, skryf ens is iets wat ons amper nog nie eers aan dink nie. Hoewel hy duidelik verstaan en woorde herken. Ons vertrou dat hy slegs fisies gestremd is en dat hy nie ook verstandelik gestremd sal wees nie.

Dit sal ons eers met tyd weet...

Indien u voel dat u ‘n bydrae kan maak tot die finansiering van Taro se apparaat, sal dit vreeslik waardeer word. Elke bietjie help, of dit nou R10 of R1000 is.

Die bankbesonderhede is as volg:

Rekening naam: TARO BOSHOFF

Bank: Capitec (Spaar rek) - Somerset Mall

Rek Nom: 136 373 8184

Takkode: 470010